09 Jun.

Uitgawe 2010/06/09

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë. (**1 Kon. 20:3**). God het Hiskía gewaarsku dat sy lewe aan 'n einde gekom het, maar weens hierdie gebed het God van gedagte verander. Hiskía se kondisie van sy hart en sy lewensstyl het hom die vrymoedigheid gegee om met vrymoedigheid voor God te kom. Is u lewe reg voor God? Strewe ons altyd daarna om 'n rein hart te hê en 'n lewensstyl te handhaaf wat God eer? ***Hemelse Vader, U is die God van 'n tweede kans. Dankie vir U genade. Help ons asseblief om volgens U woord te wandel.***

Deurbraak : Toename in Bybel vertalings

Daar is huidiglik 'n toename in die aantal Bybel vertalings wat gedoen word. 'n Groot bydrae hiertoe is toe te skryf aan *Wycliffe* se werk in Bybel vertalings. *Wycliffe* vertaal alreeds sedert 1942, maar in 1999 het die bediening 'n doelwit vir hulself gestel om 'n kopie van die Bybel in ten minste die begin stadium van die vertaling te hê teen die jaar 2025. In tien jaar het hulle gesien hoe die aantal tale sonder vertalings daal van 3 000 tot 2 200. (Webruimte: http://mnnonline.org/article/14323, 08/06/10). ***Bid asseblief vir die voltooiing van die vertalings wat nog in die begin stadiums is. Bid ook vir die beskerming en gesondheid van vertalers.***

Bid vir jou gemeenskap: Anorexia

Van alle sielkundige afwykings, is anorexia nervosa die grootste oorsaak van dood. Mense wat aan hierdie afwyking lei het 'n abnormale ingesteldheid teenoor kos, oefening en die beeld van hul liggame. Die volgende is 'n lys van die algmeenste waarskuwings om voor uit te kyk: Weerstand om gewig op 'n normale of bo-normale gewig te hou vir ouderdom en lengte. Intense vrees om gewig op te tel of om "vet" te wees, al is hulle reeds ondergewig. (Webruimte: http://www.cbn.com/family/youth/warning-signs-teen-anorexia-stoelting.aspx, 08/06/10). ***Bid vir die persone in jou gemeenskap wat aan eetversteurings lei. Bid dat die verwronge beeld in hul gedagtes herstel sal word. Bid Ps.139 oor hul lewens, en glo dat die krag van God se Woord vernuwing in hul gedagtes sal bring.***

Suid-Afrika : Wêreldbeker 2010

Op televisie word die dae afgetel na die opening van die *Sokker Wêreldbeker* op Vrydag, 11 Junie. Dit is die gesprek van elke Suid-Afrikaner en sokker liefhebbers. As verteenwoordigers van God se Koninkryk, word Christene opgeroep om op te staan en hul plek voor God se genadetroon te kom inneem (**Heb.4:16**) en om te bid tydens hierdie gebeurtenis. Spandeer elke dag 10 minute om te bid vir sake rondom die *Sokker Wêreldbeker*. Hou die nuus dop vir sake vir gebed. (E-pos: JWNewsletter@iemail.co.za, 03/06/10). ***Bid vir die redding van mense, veral ook die besoekers. Daar is baie uitreike deur evangelisasie-spanne en 'n verskeidenheid ander aksies om mense te bereik. Bid vir veiligheid vir hierdie spanne. Bid veral dat besoekers van geslote lande, waar mense nie vrylik ge-evangeliseer kan word en hulle Jesus kan aanbid nie, met die evangelie bereik sal word (veral Alberië, Noord Korea). Bid volhardend vir sake soos mensehandel in al sy vorme, dwelmhandel en drankmisbruik. Bid vir veiligheid en veral vir die beskerming van die polisie en dat misdaad voorkom sal word. Daar is 'n beduidende demoniese aktiwiteit in die land wat verband hou met die Sokker Wêreldbeker.***

Internasionaal : Kinders in Kenia

Vir die laaste twee maande is oormatige reëns die oorsaak van oorstromings in Kenia. Meer as 120 mense is dood en 600 families is misplaas en hul huise is vernietig. By *Bala Mercy Children's Centre* in Homa-baai, het families weeskinders aangeneem wat haweloos is, en sover word 100 mense hier gehuisves. (E-pos: pray@viva.org, 25/05/10). ***Bid vir almal wat deur die swaar reëns geaffekteer is in Kenia, veral die kinders. Bid vir hulle wat misplaas is, dat hulle gou na hul land sal kan terugkeer en hul lewens kan herbou. Bid vir die weeskinders by die Bala Mercy Children's Centre en die families wat na hulle omsien. Bid dat hierdie kinders wat nou hier skuiling vind, God se vrede en sekuriteit sal ervaar ten spyte van hul omstandighede.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com